Promosie-artikel

# Fosforaanvulling tydens die droë seisoen: Geldmors of goeie belegging?

*Deur Alheit du Toit (Pr.Sci.Nat.)*

Die primêre doel van droë-seisoen-lekaanvullings is om oplosbare proteïene, gewoonlik in die vorm van nie-proteïenstikstof (NPN), saam met energie (stysel en suiker) aan te vul ten einde die rumenmikrobes in staat te stel om droë veselagtige ruvoer optimaal te fermenteer.

Vlugtige vetsure, wat die afvalprodukte van mikrobiese fermentasie is, word deur herkouers as energiebron aangewend. Die hoë-gehalte mikrobiese proteïene, tesame met deurvloeiproteïen, dien as bron vir onderhoud-, produksie- en reproduksiefunksies.

Die belangrikheid van noodsaaklike makrominerale, spoorminerale en vitamiene word egter grootliks onderskat. Hierdie mikrovoedingskomponente is uiters belangrik vir gesonde metaboliese funksies, rumenwerking, groei, vrugbaarheid en gesondheid.

Die gebalanseerde insluiting van minerale en vitamiene in proteïen- en proteïen-energie-lekaanvullings is dus noodsaaklik vir volgehoue hoë produksie- en reproduksievlakke, met 'n direkte invloed op winsgewendheid.

## Rol van fosfor in herkouers

Fosfor is een van die bekendste en belangrikste makrominerale. Altesaam 90% van Suid-Afrikaanse grondtipes is arm aan fosfor en gevolglik is fosfortekorte in veral veldweiding 'n algemene verskynsel.

Fosfor speel 'n sentrale rol in energiemetabolisme, rumenfunksionering en pH-regulering. Dit is ook 'n noodsaaklike deel van die skelet, tande en alle selmembrane. Fosfor is belangrik vir die vertering van ruvesel en mikrobiese proteïensintese.

Tekorte aan fosfor in die skelet lei tot minder fosforhersirkulasie via speeksel na die rumen. Rumen-fosfortekorte lei daartoe dat veselverteerbaarheid, voerinname en uiteindelik energie- en proteïenvoorsiening benadeel word, met gevolglike swakker groei en reproduksie.



*Feedtek se hoogs gekonsentreerde droëseisoenlekkonsentraat, Veld Grazer 154, is ontwikkel om die nodige voedingstowwe aan kleinvee te verskaf vir optimale veldbenutting tydens die droë maande.*

## Fosfor tydens die droë seisoen

'n Algemene wanopvatting bestaan dat fosforaanvulling minder belangrik of selfs onnodig is tydens die droë seisoen, wanneer vroulike diere droog en vroeg dragtig is. Dit is gegrond op navorsing wat in die vroeë 1990's met ossies gedoen is, waar bevind is dat wanneer ossies gewig verloor, die aanvulling van fosfor gewigsverlies vererger het. Dit het aanleiding gegee tot sogenaamde fosforvrye of lae-fosfor proteïenlekaanvullings.

Latere navorsing bewys egter dat reproduserende vroulike diere addisionele fosfor benodig om aan die behoeftes vir fetusgroei te voldoen en ter aanvulling van skelet-fosforreserwes wat tydens laktasie onttrek word. Dieselfde geld vir groeiende vervangingsdiere, waar fosforaanvulling noodsaaklik is vir spier-, skelet- en fisiologiese ontwikkeling.

## Daaglikse fosforaanvulling

Indien die beskikbare fosfor uit droë veldweiding in ag geneem word, benodig 'n volwasse vleisbeeskoei van 450kg onderskeidelik 'n minimum van 4g en 6g daaglikse aanvullende fosfor tydens vroeë en laatdragtigheid. Kleinvee se relatiewe fosforbehoeftes is tipies laer as dié van vleisbeeste, weens meer selektiewe beweiding, hoër droëmateriaalinname relatief



*Beeste benodig gebalanseerde lekaanvullings met fosfor tydens die droë seisoen om te verseker dat hulle optimale voeding ontvang en geen tekorte ontstaan nie.*

tot liggaamsgewig, en meer doeltreffende fosforhersirkulasie.

Fosforaanvulling het egter net so belangrik by kleinvee geword weens toenemende intensifisering van produksiestelsels, groter getalle meerlingooie en hoër produksievlakke. Ooie benodig tipies daagliks tussen 1g tot 3g aanvullende fosfor, gegewe hul produksiestadium en meerlingstatus.

## Feedtek Veld Grazer 154

Feedtek se hoogs gekonsentreerde droëseisoen-lekkonsentraat, Veld Grazer 154 (*Reg. nr. V16146, Wet 36/1947*), is ontwikkel om die nodige NPN saam met ander voedingstowwe te verskaf vir optimale veldbenutting tydens die droë maande. Dit bevat hoë fosfor- en magnesiumvlakke ter bevordering van produksie- en reproduksiedoeltreffendheid. Die insluiting van hoë vlakke vitamien A en E, in kombinasie met noodsaaklike spoorminerale, ondersteun deurgaans vrugbaarheid en gesondheid.

Fosfor vervul dus 'n ekonomies belangrike rol in die doeltreffendheid van vleisbees- en kleinveeboerdery. Aanvulling van dié mineraal tydens die droë seisoen is een van die beste beleggings wat 'n veeboer in sy kudde kan maak.

Vir meer inligting en voorbeelde van lekke, skakel 086 111 5362, stuur 'n epos aan info@feedtek.co.za of besoek die webtuiste *www.feedtek.co.za*.